



Stigtingsjaar 1909

Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. 086 133 3786
Faks (012) 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

OPROEP OM REFERATE

JAARVERGADERING EN JAARLIKSE ALGEMENE SIMPOSIUM van Woensdagaand 11 tot Vrydag 13 September 2019 in Pretoria

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se jaarvergadering en jaarlikse simposium vind vanjaar op 11, 12 en 13 September 2019 in Pretoria plaas.

OORKOEPELENDE TEMA:

Mensgemaakte bedreigings vir lewe op aarde: Die tydperk van die Antroposeen

Prof. Louis Kotzé van die Noordwes-Universiteit beskryf die tydperk van die Antroposeen as 'n nuwe geologiese epog waarin die mens besig is om die parameters wat die werking van alle aardstelsels bepaal, wesenlik te verander. As gevolg van die toenemende menslike invloed op die aardstelsel is die aarde besig om kritieke kantelpunte te bereik wat tot snelle en onomkeerbare verandering kan lei en lewe op aarde onmoontlik kan maak. Nou, meer as ooit in die verlede, gaan daar van die mensdom verwag word om deur regulatoriese strukture, wat ook die reg insluit, in te gryp ten einde die mens-omgewing-koppeling beter te bemiddel.

Die skerp toenemende uitwerking van die mens op die omgewing wat deur die konsep van die Antroposeen te kenne gegee word, is veral sigbaar in die bevolkingsgroei wat al hoe vinniger toeneem; toenemende verstedeliking; vinnig verminderende niehernubare hulpbronne soos steenkool en olie; klimaatsverandering; verhoogde vrystelling van swael, stikstof en kweekhuysgasse; die transformasie en versteuring van enorme oppervlakte grond; veranderende watersiklusse; wydverspreide uitsterwing van spesies; en, vir die huidige doeleindes belangrik, verlies aan biodiversiteit.

Onderstaande temas sou byvoorbeeld onder die oorkoepelende tema kon inpas:

- Verstedeliking
- Uitleg en funksionering van rioolaanlegte
- Ons waterhulpbronne
- Plastiekbesoedeling van die oseane
- Biodiversiteitsverlies
- Klimaatsverandering
- Kragopwekking
- Die vierde Nywerheidsomwenteling

- 'n Nuwe reguleringsparadigma om biodiversiteit genoegsaam te beskerm
- Voorkomings-, matigings- en aanpassingstrategieë deur ons breër maatskaplike strukture, met inbegrip van die ekonomie, die politiek, die religie, onderwys en, meer spesifiek, ons regstrukture
- Taaldiversiteit en/of taalekologie (die negering van taaldiversiteit is eweseer 'n "mensgemaakte bedreiging vir lewe op aarde")

Belangstellendes wat 'n bydrae (maksimaal 20 minute plus besprekingstyd van 5 minute) wil lewer, word hartlik uitgenooi om 'n voorlegging te doen wat aansluit by die oorkoepelende tema. 'n Opsomming van ongeveer 350 woorde van u beplande referaat word gevra. U voorlegging moet vergesel gaan van 'n kort CV (twee of drie paragrawe in prosastyl) en 'n hoëresolusiefoto van uself. Verskaf ook asseblief u volle name, van, titel, adres, e-posadres, landlyn- en selfoonnommer.

'n Keurkomitee sal finaal oor elke voorlegging besluit. Omdat ruimte op die program beperk is, sal keuring by 'n ooraanbod moet plaasvind.

Voorleggings moet voor **30 April 2019** aan Linda Brink gestuur word by linda@akademie.co.za. Versoeke om bepaalde plasings (tydsgewys) op die program kan ongelukkig nie oorweeg word nie.

Die Akademie vier ook vanjaar sy 110de bestaansjaar. 'n 110-jaarfeesboek sal op die simposium bekendgestel word.

Tydens die simposium sal 'n sessie ingeruim word vir vorige voorsitters van die Akademie om te praat oor hulle termyn as voorsitter van die Akademie en die uitdagings waarmee hulle te kampe gehad het.

Die voorlopige program lyk soos volg:

Woensdagaand, 11 September

Bekroningsplegtigheid en onthaal

Donderdag 12 September

08:30 tot 10:00	Algemene Jaarvergadering
10:00 tot 10:30	Tee/koffie en verversings
10:30 tot 12:30	Referate
12:30 tot 13:30	Middagete
13:30 tot 15:00	Referate
15:00 tot 15:30	Tee/koffie en verversings
15:30 tot 18:00	Referate
18:00 tot 19:00	Skemeronthaal
19:00 tot 21:00	Openingsplegtigheid: Voorsittersrede Referaat: Gasspreker

Vrydag 13 September

08:30 tot 10:00	Referate (vervolg)
10:00 tot 10:30	Tee/koffie en verversings
10:30 tot 13:00	Referate
13:00 tot 14:00	Middagete
14:00 tot 15:30	Referate
15:30 tot 15:45	Afsluiting